RINGBALL SOUTH AFRICA

www.ringbalsa.co.za

PO Box 35702
Menlopark
0102

Tel: (012) 426 8292 (b)
Cell: 082 797 1580
Fax: 086 656 7885
Email: letitia@agsa.co.za

RingbalSA/Omsendbrief 11/2014

20 Oktober 2014

Aan: Provinsiale federasies
Distrikte
Verenigings
Uitvoerende bestuur

Tydens die bosberaad wat hierdie naweek gehou is, is die volgende besluite geneem:

1. **Juniors en skoletoernooi**

   SASCOC vereis dat daar slegs een toernooi moet wees vir juniors. Ons het tans twee – by die nasionale kampioenskappe in Julie en die skoletoernooi in die September-/Oktober-vakansie. Om dit moontlik te maak en ook om te voldoen aan verdere vereistes van SASCOC was dit nodig om die hele jaarprogram en die verloop van die sport deur die jaar, te verander. Dit word kortliks hieronder verduidelik en sal in fyner besonderhede bespreek word op die AJV.

2. **Vlak 1 – Sosiaal (Februarie en Maart)**

   Die doel van hierdie vlak is om meer mense te kry om ringbal te speel. Dit vind plaas absoluut op grondvlak. Distrikte stel hulle bane beskikbaar en verder word daar ook gespeel in agtergeblewe gebiede en enige ander plek wat die distrik voel nuwe mense sal trek om te speel. Hier registreer niemand nie, daar is geen verpligtinge nie en dit is oop vir almal wat lus is vir oefening die aand. Elke persoon wat speel betaal ‘n minimale fooi per wedstryd (bv. R2) wat na die distrik gaan. Dit is oop vir alle ouderdomme en ons hoop om spesifiek meer jong mense betrokke te kry. Daar sal geen klere hier aangekoop word nie en spelers sal in beffies speel.

   Op hierdie vlak moet daar ook beamptes gewerf word. Enige iemand kan skeidsregter wees en nie net gekwalifiseerde skeidsregters nie. Juniors moet ook geïdentifiseer word om te help met afrigting en spanbestuur van kinders.

   Hier is geen junior liga nie. Juniors is welkom om te speel, maar dan moet hulle by die spanne inval. Indien daar wel genoeg juniors is per aand kan hulle teen mekaar speel.

3. **Vlak 2 – Kompeterend sosiaal (April en Mei)**

   Hierdie is die eerste vlak van kompeterende spel en daar sal prysgeld op die spel wees. Spelers betaal ‘n groter bedrag per wedstryd, bv. R5 (R2,50 aan die distrik en R2,50 vir die prysgeld).

RINGBALL SOUTH AFRICA

www.ringbalsa.co.za

PO Box 35702
Menlopark
0102

Tel: (012) 426 8292 (b)
Cell: 082 797 1580
Fax: 086 656 7885
Email: letitia@agsa.co.za

4. Vlak 3 – Klubvlak (Junie en Julie)

Hier tree die klub in werking en vind klubligas binne distrikte plaas soos vantevore. Spelers registreer by ‘n klub, betaal registrasiefooie en neem deel aan ligas. Registrasiefooie moet laag wees hier aangesien die distrik gelde ingesamel het tydens die sosiale gedeelte.

Distrikte moet ook fokus op ontwikkeling van juniors in agtergeblewe gebiede. Hierdie ontwikkeling moet in die gebiede plaasvind en ons moenie van hierdie mense verwag om na ons bane toe te kom nie. Ons gaan rig hulle in hul eie gebiede af en laat hulle hul eie ligas speel onder mekaar. Hier moet ook talentidentifikasie plaasvind van spelers wat gehelp gaan word om by die amptelike been aan te sluit.

Dit is ook hier waar die meestersliga ‘n aanvang gaan neem. Daar sal voortaan ‘n liga vir meesters bestaan met hul eie bestuur wat slegs die meesterliga sal hanteer. Hierdie spelers kan steeds in die klubs se spanne speel indien hulle wil. Ook op die nasionale kampioenskappe sal hierdie liga deur hulle eie bestuur hanteer word.

5. Vlak 4 (Augustus en September)

Hier begin die skole aan ringbal deelneem. Daar sal twee bene van juniors wees – die een been is die skoleligas wat by die skole plaasvind soos tans en die ander been is die juniors wat by die klubs speel. Dit is ook hier waar distrikte hulle provinsiale spanne kies en waar die provinsiale kampioenskappe plaasvind.

Alle spelers in ouderdomme o/11 tot o/17 sal by die nasionale skole assosiasie registreer en op hierdie vlak word daar distrikspanne (tans provinsiale spanne) gekies uit al die spelers in hierdie ouderdomme – uit beide die klubspelers en die skole spelers.

6. Vlak 5 – nasionale kampioenskappe

In die September-/Oktober-skoolvakansie sal die nasionale kampioenskappe plaasvind. In die oggende sal die juniors speel en dit sal geadministreer word deur die skole assosiasie. Direk na hulle sal die meesters speel wat ook deur hulle eie bestuur geadministreer sal word. Laaste sal die seniors speel wat deur RingbalSA geadministreer sal word.

Op die nasionale kampioenskappe sal daar ook ‘n superliga gespeel word. Uit al die distrikte in een provinsie word daar ‘n provinsiale span gekies en hierdie provinsiale spanne sal op die nasionale kampioenskappe teen mekaar speel in ‘n superliga.
Die A-spanne van die distrikte sal in die A-liga speel. Daar sal nie op die nasionale kampioenskappe vir B-spanne voorsiening gemaak word nie. Indien daar wel B-spanne is wat wil deelneem sal daar eers behoorlik na die betrokke situasie gekyk word en dan oorweeg word.

RINGBALL SOUTH AFRICA

www.ringbalsa.co.za

PO Box 35702
Menlopark
0102

Tel: (012) 426 8292 (b)
Cell: 082 797 1580
Fax: 086 656 7885
Email: letitia@agsa.co.za

Aangesien hierdie kampioenskappe nou in September/Oktober plaasvind sal dit nie nodig wees vir distrikspanne om duur kleredrag (bv sweetpakke) aan te koop nie.

Die nasionale kampioenskappe sal tot Vrydag gespeel word en soos gewoonlik sal daar SA-spanne hier gekies word wat die Saterdag vertoonwedstryde speel. Vir hierdie wedstryde word daar slegs ‘n speelhemp aangekoop deur die spelers.
Die senior mans en dames SA-spanne word slegs uit die superliga gekies en die president en president uitnodigingspanne word gekies uit die distrikte se A-spanne. Hierdie spanne sal aan vertoonwedstryde deelneem.

Die o/19 liga sal nie aan gewone ringbalwedstryde deelneem tydens die nasionale kampioenskappe nie. Hierdie groep sal in dieselfde tydsgleuf aan aksiewedstryde deelneem wat gespeel sal word in ‘n aksie-arena so naby as moontlik aan die bane.

Hierna sal die o/17 en senior spanne gekies word wat aan internasionale wedstryde sal deelneem.

7. Gelde

Distrikte en provinsies sal geld ontvang vanaf RingbalSA indien hulle voldoen aan die teikens wat vir hulle gestel word in terme van ontwikkeling en groei in spelertal. Distriksvoorsitters sal ‘n dokument onderteken dat hulle verantwoordelikheid aanvaar vir hierdie teikens wat gestel word en indien ‘n distrik nie daaraan voldoen nie sal die voorsitter onmiddelik moet bedank.

8. Nuwe klubs

Die vereistes vir nuwe klubs wat gestig word in onaktiewe distrikte is soos volg:

1. Moet 10 spelers van dieselfde geslag hê en ten minste vyf van hulle moet volwassenes wees
2. ‘n Bestuur wat bestaan uit drie lede
3. ‘n Behoorlike grondwet

Distrikte moet self besluit wat die vereistes is vir die stig van ‘n nuwe klub in ‘n bestaande aktiewe distrik.

‘n Minimum van twee klubs moet bestaan alvorens dit ‘n distrik sal vorm. Daar kan dus nie slegs een klub in ‘n distrik wees nie. Indien ‘n onaktiewe distrik geaktiveer word en daar is slegs twee van hierdie klubs in die distrik, sal daar slegs verteenwoordigers van die skeidsregters-, afrigters-, spelers- en skoleverenigings wees. Wanneer die distrik dan drie klubs het, moet daar volledige verenigings gestig word.

RingbalSA sal ‘n pro forma grondwet skryf vir klubs en uitstuur.

RINGBALL SOUTH AFRICA

www.ringbalsa.co.za

PO Box 35702
Menlopark
0102

Tel: (012) 426 8292 (b)
Cell: 082 797 1580
Fax: 086 656 7885
Email: letitia@agsa.co.za

9. Verteenwoordiging op die algemene jaarvergadering

Soos besluit op die halfjaarlikse AJV sal verteenwoordiging tydens die AJV in November soos volg wees:

Drie verteenwoordigers van elke provinsie
Een verteenwoordiger van elke aktiewe distrik
Drie verteenwoordigers van elke vereniging

10. Keuring vir toerspanne na Indië

Die proewe vir hierdie spanne sal plaasvind op Saterdag, 25 Oktober, in Kemptonpark. Provinsies is gevra om die name deur te stuur van spelers wat beskikbaar is, maar slegs drie provinsies het nog geantwoord. Alle provinsies moet teen Woensdag, 12:00, my laat weet watter van hulle spelers is beskikbaar. Die R2 000 deposito is betaalbaar voor die aanvang van die proewe.

Spelers moes ten minste al in ‘n uitnodigingspan gespeel het om vir hierdie spanne in aanmerking te kom. Geen speler wat nog nie in ‘n SA- of uitnodigingspan opgeneem is nie, sal vir hierdie spanne in aanmerking geneem word nie.

11. Kantore

RingbalSA sal vanaf 1 November 2014 kantore huur by die Johannesburg Sportstadion. Dit bestaan uit kantore vir administratiewe gebruik en ‘n lokaal vir vergaderings. Dus sal alle vergaderings en kursusse voortaan daar aangebied word.

Letitia Greenberg

Secretary-General